# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (02/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 27 Januarie 2017*




***"98% of all Harley's ever sold are still on the road. The other 2% made it home" Anonymous***

## SITRUS SUMMIT – "PRE SUMMIT" TOER

Die "uitverkoop" bordjie is op vir die Pre-Summit Toer - getalle moes beperk word weens beskikbaarheid van voertuie en verblyf. Sitplekke vir die Summit word ook vinnig minder – registreer asseblief nou om teleurstelling te voorkom www.cga.co.za.

## "THE GREAT FRUIT ADVENTURE"

Verlede Vrydag het twee stowwerige langafstand Triumph motorfietse by die CGA se kantore in Hillcrest aangekom. Aanboord was Max MacGillivray en Gareth Jones - wat op 8 November 2016 uit Londen op hul motorfietse vertrek het. Hulle het deur Europa gereis, en Afrika by Marokko binnegekom, op hul pad na Suid-Afrika. Die idee agter "The Great Fruit Adventure" is aan Max te danke wat nie kon glo dat kinders in die VK so min weet van die vars produkte wat hul eet nie. Hy het onderneem om skole te besoek en hul oor die herkoms van vars produkte op te voed. Hy het sy woord gestand gedoen met die reis van Londen na Kaapstad en besoeke aan vars produkverwante entiteite en mense langs die pad. Meer oor die reis kan op hul Facebook-blad gevind word (The Great Fruit Adventure - Africa 2016) of deur hul op Twitter te volg (@fruitadventure).

Sedert hul Suid-Afrika by Beitbrug binne gekom het, is die reisigers deur Fruit South Africa bygestaan - met CGA (en Gloria Weare spesifiek) wat met hul reisplan in die noordelike streke gehelp het. Max en Gareth kon nie uitgepraat raak oor hoeveel hul die gasvryheid van die mense wat hulle in Suid-Afrika en Swaziland ontmoet het, waardeer nie - toe hul gevra is wat hul glo Suider-Afrika se vrugtebedryf se grootste bate is, was hulle dit eens - dit is die MENSE. Baie dankie aan diegene wat die reis so onvergeetlik gemaak het. Hulle het ook kommentaar gelewer oor die uitstekende infrastruktuur in Suid-Afrika. Die grootste swakheid (en geleentheid) wat hulle geïdentifiseer het, is die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf se gebrek aan bemarking - daar is so 'n goeie storie om te vertel en nog steeds is die meeste verbruikers nie bewus van die unieke aard van ons bedryf nie. Max en Gareth se toer sluit hierdie week in Kaapstad af - ons wil hul graag bedank dat ons hierdie reis kon mee maak, en ons salueer hulle vir die werk wat hulle doen.

## REGULATORIESE "freeze" in die VSA

Die nuwe Amerikaanse regering het 'n omsendbrief uitgestuur wat alle regulatoriese prosedures vries. Geen nuwe regulasies kan aan die Kantoor van die Federale Register gestuur word nie (behalwe in sekere omstandighede), ongepubliseerde regulasies moet onttrek word en die wat nog nie in werking getree het nie, gaan 'n 60 dae uitstel kry. Hierdie besluit het daartoe gelei dat die invoere van suurlemoene vanaf streke in Argentinië op ys geplaas is. Alle werk wat op die "wider access" vir Suid-Afrikaanse sitrus na die VSA gedoen is, sal soortgelyk beïnvloed word.

## "AGRICULTURAL PRODUCTS AGENTS COUNCIL (APAC)"

APAC het onlangs 'n finale dokument oor Reëls wat Uitvoeragente betref, beskikbaar gestel. Enige Produsent-Uitvoerder wat as 'n agent vir 'n ander produsent optree, sal aan hierdie nuwe reëls moet voldoen. Dit sal raadsaam wees vir hierdie Produsente-uitvoerders om die reëls noukeurig te bestudeer. As jy 'n afskrif benodig stuur asb 'n e-pos aan justchad@iafrica.com

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY EN CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS